UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

KENNISGEWING AAN LEDE VAN DIE KONVOKASIE
VERKIESING VAN US RAADSLEDE VIR DIE TERMYN

02 April 2014 - 01 April 2018

Lede van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch is in die pers in kennis gestel dat, weens die verstryking van die ampstermyne van prof WAM Carstens, dr GC du Toit en adv JC Heunis, wat deur die Konvokasie tot lede van die Universiteitsraad verkies is vir die termyn 02 April 2010 tot 01 April 2014, daar drie vakatures in die Raad ontstaan het.

Lede van die Konvokasie is versoek om nominasies vir die vulling van die vakatures voor te lê. Aangesien daar meer as drie (3) kandidate genomineer is, word daar 'n verkiesing gehou. ***U* VERTROULIKE STEMBRIEF *moet die Registrateur voor 16:00 op 17 Maart 2014 bereik***. Verifikasie van die geldigheid van stembriewe sal gedoen word.

VERKIESINGSREëLS

1. U mag vir hoogstens **drie (3)** kandidate stem. **Merk die blokkie(s) langs die naam(e) van die kandidaat(e) vir wie u stem, en voltooi die stembrief**. Geen ander verandering op die stembrief is toelaatbaar nie.
2. Niemand mag meer as een keer stem nie en u moet die **VERTROULIKE STEMBRIEF volledig** voltooi.
3. Indien nodig kan 'n **VERTROULIKE STEMBRIEF** in drukformaat by die Registrateur, Universiteit Stellenbosch (021) 808 9398, aangevra word.
4. Niemand mag namens iemand anders stem of op iemand anders se stembrief stem nie.
5. Deur die voltooiing van hierdie stembrief neem die betrokke persoon persoonlik verantwoordelikheid daarvoor dat die verkiesingsreëls soos hierbo uiteengesit, nagekom is. Die oortreding van bogenoemde reëls is bedrog en is 'n kriminele oortreding. In alle gevalle waar bedrog vermoed word, sal dit ondersoek word en dit kan tot strafregtelike vervolging lei.

U kan op **een** van die volgende 5 wyses stem – die **sluitingsdatum** vir stemme op welke wyse u verkies om te stem, is **17 Maart 2014 om 16:00**

1. Elektronies by www.sun.ac.za waar 'n CV, visie en foto van elke kandidaat beskikbaar is
2. Die voltooide stembrief te faks aan: 086 606 7946
3. Die voltooide stembrief te skandeer en te epos aan konvokasie@sun.ac.za
4. Die voltooide stembrief te adresseer en in 'n verseëlde koevert, gemerk *VERTROULIK: STEMBRIEF*, aan *Mnr Johann Aspeling, Registrateur, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, te pos*
5. Die voltooide stembrief per hand in 'n verseëlde koevert, gemerk *VERTROULIK: STEMBRIEF*, by *Mnr Johann Aspeling, Registrateur, Universiteit Stellenbosch, Kamer A 3016, Admin A, Ryneveldstraat, Stellenbosch* af te gee

VIND BESONDERHEDE VAN ELKE KANDIDAAT OP DIE KEERSY VAN HIERDIE BLADSY

Mnr Johann Aspeling
REGISTRATEUR
Universiteit van Stellenbosch
06 Februarie 2014

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

KENNISGEWING AAN LEDE VAN DIE KONVOKASIE
VERKIESING VAN US RAADSLEDE VIR DIE TERMYN

02 April 2014 - 01 April 2018

Hierdie is slegs 'n inligtingsblad – gebruik die <u>VERTROULIKE STEMBRIEF</u> om te stem.

Die volgende kandidate is behoorlik genomineer:

Mnr WM (Thys) Blom: CV – Het 26 jaar in die Worcester SARS kantoor gewerk by tye as waarnemende hoof. Hy is tans munisipale raadslid vir finansies. As rolstoelgebruiker is hy voorsitter van die Breede Vallei en die Wes Kaapse Vereniging vir Persone met Gestremdhede. *Beleidstelling – Opvoeding van en navoring met mense met gestremdhede verander lewens.*

Prof WAM (Wannie) Carstens: CV – Is 'n akademikus verbonde aan die Noordwes-Universiteit op Potchefstroom. Hy is die huidige voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Beleidstelling – Die uitnemendheid van US moet verder uitgebou word - dit moet die fokus wees van die Raad. Ek sal my verder beywer om vir Afrikaanssprekendes 'n vaste plek aan die US te verseker.*

Dr GC (George) du Toit: CV – Ginekoloog en verloskundige. Hy dien huidiglik op die uitvoerende komitee van US Raad. *Beleidstelling – US moet voortbou op bestaande sukses en moet die voorkeur universiteit wees vir uitmuntende studente en akademici met gelyke toegang en geleenthede vir die volle, diverse Suid Afrikaanse bevolking.*

Dr SF (Fanie) du Toit: CV – Uitvoerende direkteur van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening wat spesialiseer in geregtigheid in 'n post-versoening en 'n oorgangskonteks. *Beleidstelling – Die Universiteit van Stellenbosch is ideaal geplaas om te help bou aan 'n demokratiese en inklusiewe Suid-Afrika. In die gees van Nelson Mandela, moet die Universiteit streef daarna om geleenthede te skep vir diegene wie steeds sistemies uitgesluit word.*

Dr S (Sorayah) Nair: CV – 'n Kliniese sielkundige en MBA-alumni van die Bestuurskool en spesialiseer in organisatoriese diversiteit. *Beleidstelling – Om my inhoudelike kennis te deel en aan te wend ter ondersteuning van diversiteit, inklusiwiteit, innovasie en uitnemende leierskap.*

Mnr JG (Johan) Theron: CV – Prokureur, praktiserend as kommersiële litigant. *Beleidstelling – Onnodige debatte, verskuilde agendas en strategiese naïwiteit beperk die US se rol as 'n baken van hoop en vooruitgang in 'n samelewing wat mank gaan daaraan. Die ideaal van 'n inklusiewe en uitmuntende akademiese instelling is steeds bereikbaar deur onbenepe innoverende denke en toekomsgerigte bestuur.*

Mnr Johann Aspeling,
REGISTRATEUR
Universiteit van Stellenbosch
6 Februarie 2014

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

KENNISGEWING AAN LEDE VAN DIE KONVOKASIE
VERKIESING VAN US RAADSLEDE VIR DIE TERMYN
02 April 2014 - 01 April 2018

Knip hier om u vertroulikheid te verhoog

U kan op **een** van die volgende 5 wyses stem – die **sluitingsdatum** vir stemme op welke wyse u verkies om te stem, is **17 Maart 2014 om 16:00**

1. Elektronies by www.sun.ac.za waar 'n CV, visie en foto van elke kandidaat beskikbaar is
2. Die voltooide stembrief te faks aan: 086 606 7946
3. Die voltooide stembrief te skandeer en te epos aan konvokasie@sun.ac.za
4. Die voltooide stembrief te adresseer en in 'n verseëlde koevert, gemerk *VERTROULIK: STEMBRIEF*, aan *Mnr Johann Aspeling, Registrateur, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, te pos*
5. Die voltooide stembrief per hand in 'n verseëlde koevert, gemerk *VERTROULIK: STEMBRIEF*, by *Mnr Johann Aspeling, Registrateur, Universiteit Stellenbosch, Kamer A 3016, Admin A, Ryneveldstraat, Stellenbosch* af te gee

VERTROULIKE STEMBRIEF

Lees asseblief eers die verkiesingsreëls en inligting.

NAME VAN KANDIDATE

U mag vir hoogstens **drie (3)** kandidate stem. **Merk die blokkie(s) langs die naam(e) van die kandidaat(e) vir wie u stem, en voltooi die stembrief volledig**. Geen ander verandering op die stembrief is toelaatbaar nie.

	A	Mnr WM (Thys) Blom
	B	Prof WAM (Wannie) Carstens
	C	Dr GC (George) du Toit
	D	Dr SF (Fanie) du Toit
	E	Dr S (Sorayah) Nair
	F	Mnr JG (Johan) Theron

ID Nommer: ..... Datum: .....

Telefoonnommer: .....